Resensies

- De Klerk, W. 1998. **Die vreemde God en sy mense**. Kaapstad : Human & Rousseau.
  (*P.P. Kruger*) 525

- **Verwysingsbybel 1983-vertaling**. 1998. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
  (*A.G.S. Venter*) 529

- Janson, Murray. 1998. **Sewe dae sonder son. Herontdek die diepe betekenis van Jesus se lyding vir ons stukkende wêreld**. Kaapstad : Lux Verbi.
  (*P.W. Buys*) 532

Resensies

DE KLERK, Willem. 1998. Die vreemde God en sy mense. Kaapstad : Human & Rousseau. 160 p. Prys: R44,95.

Resensent: *P.P. Kruger*
(Gereformeerde Kerk Meyerspark)

Is dit nie gevaarlik vir 'n verantwoordelike gereformeerde lidmaat of ampsdraer om boeke te lees van "mense wat allesbehalwe gereformeerd-ortodoks" is nie; en dit dan nogal soms om van hulle "oor te neem wat by jouself ontbreek"? Dit is die vrees wat Totius (*Versamelde Werke*, Dl. 3:221) reeds in 1916 betrek, met toepassing op teologiese studente se leeswerk rondom hulle preke. Vir kerkmense wat beangs is om hulle bloot te stel aan uitdagende en vernuwende boeke soos dié van Willem de Klerk, kan Totius se raad uit daardie tyd sinvol wees:

> 'Maar ek reken so', sê hy, ''n student word goed gekonfyt in Dogmatiek, sodat hy 'n stewige stuur het om hom oor die **stormagtige waters** van die Skrifondersoek te lei. Wil hy liewer met sy skuitjie op die rustige vlak van 'n **binnewatertjie** vaar, is dit vir my goed; hy moet dan weet dat hy self die indruk van **'n plesiertoggie** wek en selfs gevaar loop om die wat saam met hom vaar, **aan die slaap te wieg**' (beklemtoning bygevoeg).

Daarmee word uiteraard nie beweer dat hierdie publikasie "allesbehalwe gereformeerd-ortodoks" is nie. Inteendeel, hoe meer 'n mens in die boek delf en die gedagtegang daarvan evaluerend probeer ontleed, hoe meer dring die besef tot jou deur dat – verspreid oor sy bladsye – waardevolle stukke ou goud uit die gereformeerde tradisie 'n rol speel in 'n vars, skeppende en eietydse perspektief (vgl. p. 33, 41, 43 oor die saad van godsdienstige sensitiwiteit in elke mens; p. 110 oor die belang van nugterheid in gesonde godsdiensbelewing). Hier en daar sou 'n mens selfs kon praat van stippellyne vir 'n noodsaaklike, nuwe deurdenking van die Gereformeerde Apologetiek (byvoorbeeld p. 67, 68). "Die ou, ou waarhede moet weer herbesin, herformuleer en herinterpreteer word ... Dit is 'n agenda wat 'n dekade of twee in beslag kan neem. Word dié nood in Christelike kerke van die wêreld gevoel?" (p. 79). Dit is 'n vraag wat niemand van ons kan ignoreer nie!

Reeds die titel van *Die vreemde God en sy mense* getuig daarvan dat die skrywer self ernstig aan hierdie agenda werk. Dit is duidelik dat die "vreemdheid" van die lewende God (dit wil sê: die misterie wat Hom omring en die onkenbaarheid wat aan Hom eie is, p. 68, 159) dié groot (her)ontdekking van die skrywer is. Hy pleit indringend en met al die begaafdheid wat hy het vir 'n meer *paradoksale* benadering van God, die geloof en verskillende etiese en pastorale sake (p. 68, 47, 153-158). Hierdie invalshoek herinner 'n mens nogal sterk aan die idee van *docta ignorantia* (geleerde onkunde) wat as teologiese denkstyl in die Christelike kerk ten minste sedert Augustinus teenwoordig is. Wanneer gepleit word vir 'n hernieude klem op die misterie, paradoks en beperktheid van menslike begrip oor sake soos God en sy koninkryk, kom 'n legitieme – en inderdaad dikwels verwaarloosde – aspek ongetwyfeld na vore. Van nature is die mens met al sy "redelikheid" ten opsigte van hemelse dinge tog maar "soos 'n donkie by 'n simfonie" (Calvyn in sy kommentaar op 1 Kor. 1:20). Pragtig skryf Totius (*Versamelde Werke*, Dl. 8:102): "Panasee (wondermiddel) vir alle twyfel – die algemeenste siekte van ons tyd – is die misterie, mits opgevat soos die Skrif dit bedoel. Die Skrif spreek naamlik van *'n misterie wat geopenbaar is maar dan as misterie* ..." (beklemtoning oorspronklik). Die boek onder bespreking laat hierdie geopenbaarde misterie in sy pakkende titel resoneer.

Die publikasie bestaan uit twee hoofdele: "Die vreemde God" aan die een kant en "Ander vrae oor mense en God" aan die ander kant. 'n Situasietekening van ons tydsgewrig lui die eerste deel in. Daarna volg 'n interessante hoofstuk oor godsdienstige grondhoudings. Dit lei tot hoofstukke oor die teenwoordige God, eerste treë na Godsbesef, God die Here se voetspore in ander godsdienste, die loergaatjies na God (die Bybel) en beelde van God. Die tweede deel behandel vrae rondom die kerk, bekering, seksualiteit, godsdiens en geestesafwykings, ouderdom, siekte, aftrede, rousmart, sterwensnood en ewigheid. 'n Hoofstuk word ook aan die paradoks gewy.

Ondanks die herkenbaarheid van verskillende tradisionele agtergrondmomente van die boek word daar "soms versigtig, soms moedswillig en soms met huiwering" (p. 8) oor grense van die Christelike tradisie heen beweeg. Miskien het hierdie grens-oorskrydende dinamiek van die boek iets te doen met 'n boodskap van God veral aan ouer mense: "dat ons soos trekvoëls moet lewe", dat ons "op reis" is en dat die wêreld nie ons woning is nie (p. 140, met verwysing na Totius). Wie die skrywer in hierdie boek op sy reis oor die grense van die Christelike tradisie heen wil probeer vergesel, laat inderdaad alle "plesiertoggies" en rustige "binnewatertjies" wat mense aan die slaap kan sus, agter. Die moderne en postmoderne stormwaters breek dan oor jou heen.

Soos 'n goeie gids waarsku die boek jou meestal tydig dat daar in mindere of meerdere mate van die tradisie afgewyk, of waarskynlik afgewyk, word. Voorbeelde hiervan is: die oorsprong van die Godsbesef (p. 31); dieselfde God wat in

ander godsdienste "roer" (p. 43); die gebrokenheid van die mens, God se betrokkenheid by alles, die mens se keuse in verband met God se genade en die eskatologiese werklikheid (p. 68, 69). Alternatiewe – en hoogs aanvegbare – afwykende opvattings oor seks buite die huwelik (binne liefdesverhoudings en sonder promiskuïteit) en oproepe tot die erkenning van sekere homoseksuele en lesbiese verhoudings (p. 98) kom ook in die boek voor. Oor sake soos hierdie is 'n indringende en kritiese gesprek verder nodig.

In so 'n kritiese gesprek moet onthou word dat hierdie publikasie slegs "kort standpuntstellings" wil gee. Dit bied nie "lang, diepgaande diskoerse" nie (p. 8). Verder wil die boek hoofsaaklik (maar nie uitsluitlik nie) 'n gesprek met "verwerpers" (godloënaars), "neutrales", (agnostici) en "ondervraers" (twyfelaars binne die kerk) wees (p. 28). Hierdie gerigtheid, tesame met 'n bondige, pittige, byna joernalistieke uitdrukkingswyse, bring egter mee dat kortsluitings in 'n gesprek met tradisioneel-denkendes maklik kan ontstaan. Daarom sou 'n mens by die skrywer wil pleit om laasgenoemde soort gesprekke in meer wetenskaplik-teologiese, goed-gedokumenteerde diskoerse verder te voer.

Gedagtig aan die Reformatoriese leuse, *sola Scriptura*, kan die hoofstuk oor die Bybel en sy gesag 'n gepaste *vertrekpunt* vir kritiese diskussie met die skrywer wees. Allereers regverdig die tipering van die Bybel as *loergaatjies na God* kommentaar. As regstelling van 'n wydverspreide rasionalistiese benadering van die Bybel in die verlede, bring hierdie benaming tereg die gedagte van God se verborgenheid na vore. Die belydenis van die Bybel se *perspicuitas* (deursigtigheid), dat die Woord self in die donkerte vir die geloof lig laat uitstraal (Ps. 119:30; 2 Petr. 1:19), kom egter nie voldoende in die metafoor van die loergaatjie na vore nie. Wat wel vir ons in die Skrif geopenbaar is, versprei oorvloedige lig vir 'n lewe tot God se eer en tot ons saligheid (NGB:2).

Wat die *Skrifgesag* betref, voel die skrywer aangetrokke tot die standpunt wat hy die "paradoksale" noem. In meer tradisionele terme sou 'n mens sekerlik hier van die "organiese Skrifinspirasie" kon praat. Daarvolgens is die Bybel Gods-openbaring en *tegelykertyd* menslike geskrifte. Tog kan die skrywer hierdie siening nie heelhartig aanvaar nie. Hy meen dat die klem in dié standpunt te veel op die Goddelike karakter van die Bybel val en te min op die menslikheid daarvan – met al die skeeftrekkings en eietydse invloede wat menslike geskrifte kenmerk. Indien die boek op hierdie punt reg verstaan word, kan 'n mens sy opvatting só weergee: die Bybel is 'n boek van menslike geskrifte waarvan nie gesê kan word dat hulle terselftertyd as geheel ook Godsopenbaring is nie. Daar is verskillende bloot-menslike gedeeltes wat slegs deel is van die "verpakking" waarin die betroubare Goddelike waarhede of sentrale Goddelike perspektiewe tot ons kom (p. 54, 55).

Die vraag ontstaan of die skrywer in sy siening van die Skrifgesag billik oordeel oor die organiese inspirasieleer. Hierdie leer handhaaf immers juis die "mysterieus karakter" (Bavinck) van die Bybel se ontstaan, inhoud en werking. Dit is by uitstek 'n geloofsparadoks dat die Skrif as voluit menslike produk – tot in "het menschelijk zwakke, verachte en onedele" toe – tog tegelykertyd *voluit* Godsopenbaring kan wees. Wie kan die onbegryplike verstaan dat die Heilige Gees "niets menschelijks versmaad" het om as "orgaan te dien van het goddelijke" nie? (vgl. Bavinck, H. *Gereformeerde Dogmatiek*. Dl. 1, 2de druk. p. 460, 461, 469). Waarom kan "alles in die Bybel ... nie Goddelike openbaring" wees nie, maar is daar in die Bybel slegs "betroubare Goddelike waarhede verpak"? Dit sou ironies wees as dié boek, wat soveel klem op die misterieuse en bo-redelike lê, op die kernpunt van Skrifgesag juis weens besware vanuit menslike rasionaliteit die pad van die onbegryplike (Goddelik én swak-menslik tegelyk) nie *end-uit* wil loop nie. Dit lyk tog of dié ironie hier kop uitsteek – met moontlike gevolge ook vir ander standpunte in die boek!

Niemand kan met goeie reg ontken dat hierdie boek op *legitieme* vrae ingaan nie. Vanuit 'n erkenning van die Bybel in sy volle paradoksaliteit van mensewoorde wat totaal Godsopenbaring is, kan daar egter met ewe veel eerlikheid as in hierdie publikasie aan sulke wesenlike probleme aandag gegee word. So kan – om 'n voorbeeld te noem – mitiese materiaal uit die Ou Ooste, soos dit in die menslike geskrifte van die Ou Testament mag figureer, tog terselftertyd Godsopenbaring wees. Binne 'n volledige "organiese" opvatting van die Skrifgesag sal noukeurige eksegese ook versigtiger wees vir spekulatiewe gevolgtrekkings as wat in die boek onder bespreking gebeur. Uitstaande en besonder aktuele voorbeelde van so 'n waagmoedige en tegelykertyd eksegeties-verantwoorde benadering bly nog steeds werke van prof J.H. Kroeze (*Strijd bij de schepping*, 1962; *Die Tuin van Eden*, 1967; *Adam en Eva*, 1974).

Om saam te vat. *Waag* dit gerus saam met hierdie boek op die stormsee van vrae uit – maar dan as 'n *kritiese reisgenoot*. Op sy besondere manier en met sy besondere pastorale bewoënheid kan dié werk veral "ondervraers" en "eksperimenteerders" tot hulp wees. En hoeveel is daar nie vandag in gereformeerde kerke nie!

VERWYSINGSBYBEL 1983-vertaling. 1998. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Band 1 en 2 in een volume. 2 400 p. Prys: R195,00. ISBN 0 7982 1261 6.

Resensent: *A.G.S. Venter*
(Gereformeerde Kerk Randburg-Oos)

Die doel van die *Verwysingsbybel* word op p. vii soos volg geformuleer:

> Hierdie uitgawe van die Nuwe Afrikaanse Vertaling (1983) is 'n Studiebybel wat in die eerste plek 'n Verwysingsbybel is. Dit het ten doel om aan die leser by wyse van voetnote (Band 1) asook 'n woordelys, 'n lys van plekname en 'n tematiese konkordansie (Band 2) inligting oor die inhoud en agtergrond van die Bybel te gee.

Agter in band 2 is ook vyf en twintig kaarte wat uitgebreide gegewens bevat.

Hierdie verwysingsbybel kan vergelyk word met die moderne beskikbare rekenaarprogramme van die Bybel. Vir iemand wat nie so 'n rekenaarprogram het nie, is hierdie publikasie die antwoord. Maar selfs vir iemand wat 'n rekenaarprogram van die Bybel besit, is hierdie verwysingsbybel 'n belangrike aanvulling. Om dit te waardeer moet die *Verwysingsbybel* in die hand geneem word en al rondblaaiende deurgegaan word.

- **Medewerkers en Redaksionele Komitee**

Soos gebruiklik by publikasies van hierdie aard wat deur die Bybelgenootskap gepubliseer word, verskyn hierdie publikasie sonder vermelding van die name van die redaksionele komitee of die medewerkers. By die bekendstelling van die *Verwysingsbybel* is dit gepas om te meld watter persone verantwoordelik was vir die eerste voorleggings van spesifieke Bybelboeke se manuskripte.

Ou Testament

W. Vosloo (Gen.), H.L. Bosman (Eks.), A.P.B. Breytenbach (Lev., Hos.), J.P. Oberholzer (Num., Eseg.), M.H.O. Kloppers (Deut.), D.N. Pienaar (Jos.), F.N. Lion-Cachet (Rig.), I.G.P. Gous (Rut), J.H. Coetzee (1 Sam.), H.F. van Rooy (2 Sam.), J.H. le Roux (1 Kon.), G.T.M. Prinsloo (2 Kon.), J.A. Naudé (1 Kron.), J.H. Breytenbach (2 Kron.), H. Viviers (Esra), E.J. Smit (Neh.), J.A. Loader (Ester, Spr.), L.C. Bezuidenhout (Job), W.S. Prinsloo (Ps. 1-75), D.J. Human (Ps. 76-150), J.F.J. van Rensburg (Pred.), D.S.R. du Toit (Hoogl.), P.A. Verhoef (Jes. 1-39, Hag., Mal.), J.L. Helberg (Jes. 40-66, Klaagl.), S.D. Snyman (Jer.), J.J. Burden (Dan.), W.J. Wessels (Joël), P.J. Botha (Amos), F.J. Boshoff (Ob.), J.H. Potgieter (Jona), P.M. Venter (Miga), A.A. da Silva (Nah.), P.A. Kruger (Hab.), P.J. Nel (Sef.), F. du T. Laubscher (Sag.).

Nuwe Testament

J.P. Louw (Matt., Rom.), W.S. Vorster (Mark.), I.J. du Plessis (Luk.), J.G. van der Watt (Joh.), G.J. van der Merwe (Hand.), J.J.J. van Rensburg (Hand., 1 Tess., 1 Pet.), J.L. de Villiers (1 Kor.), G.M.M. Pelser (2 Kor.), D.F. Tolmie (Gal., 2 Tess.), J.H. Roberts (Ef.), P. van Staden (Fil.), G.J.C. Jordaan (Kol.), B.A. du Toit (1 Tim.), L. Floor (2 Tim.), J. Botha (Tit.), S.J. Joubert (Filem.), H.C. van Zyl (Heb.), P.P.A. Kotze (Jak.), M.A. Kruger (2 Pet., Jud.), J.C. Coetzee (1 Joh.), G.D. Cloete (2 & 3 Joh.), J.A. du Rand (Op.).

Die Redaksionele Komitee was proff. Bart Oberholzer, Jannie Louw, Fika J. van Rensburg, Hermie van Zyl en Pieter Verhoef. Hierdie komitee het onder leiding van prof. Oberholzer oor 'n tydperk van ses jaar 34 weeklange werksessies gehad, feitlik almal by die Bybelhuis in Kaapstad. Die eerste sessie was op 27 Januarie 1992 en die laaste op 4 Desember 1996.

Bogenoemde naamlys van medewerkers gee 'n duidelike indruk van die standaard en die omvang van die *Verwysingsbybel*. Die hoeveelheid werk wat hierin vervat is, is meer as duidelik. Ook die netjiese en professionele afwerking van hierdie bundel is dadelik opvallend.

- **Verwysings in voetnote**

Die verwysings in die voetnote bied 'n wye spektrum gegewens. Met kruisverwysings kan nagegaan word waar dieselfde woorde, begrippe of plekname elders in die Bybel voorkom. Daar is duidelike aanwysings hoe hierdie kruisverwysings gehanteer moet word. Die voetnote gee ook dikwels 'n aanduiding van die bewoording in die grondteks. Ook is daar verwysings na verskille in die Bybelmanuskripte soos die Samaritaanse Pentateug, die Septuaginta, die Pesjitta en die Vulgaat. Hierdie verwysings bied vir die teoloog en vir die "gewone Bybelleser" 'n skat gegewens.

Met enige publikasies wat verwysings bevat, moet besluit word waarna verwys word en waarna nie. Daarom sal daar soms gedebatteer kan word waarom nie na sekere begrippe in die voetnote verwys word nie en na sommige wel. Byvoorbeeld: in 1 Korintiërs 1:18 word nie in die voetnote na "boodskap" ("Die boodskap van die kruis van Christus ...") verwys nie, terwyl dit tog 'n belangrike begrip is (Grieks: logos) waarna verwys kon gewees het. Gewoonlik sal so 'n belangrike woord wel in die woordelys gevind word (hoewel "boodskap" nie daarin voorkom nie!). Uiteindelik word die woord wel in die kernkonkordansie gevind. Onder die woorde "boodskap van die kruis van Christus" word wel na 1 Korintiërs 1:18 verwys. Hierdie voorbeeld illustreer dat die *Verwysingsbybel* voorsiening maak daarvoor dat die Bybelleser self gegewens kan verkry wat nie deur die oorspronklike opstellers versamel is nie.

- **Alfabetiese rangskikking van tekste**

Vir die Bybelleser maak die *Verwysingsbybel* 'n nuwe wêreld van gegewens oop, want hierdie kernkonkordansie verskil wesenlik van ander konkordansies daarin dat tekste alfabeties gerangskik is en nie bloot kronologies volgens die plek waar tekste in die Bybel staan nie. Sodoende kan die Bybelleser onder "boodskap" self verdere ondersoek doen. Hy sal sien dat verwys word na "boodskap van Christus", of "boodskap van God" of "boodskap van die Here" waar al die tekste alfabeties gerangskik word onder die inskrywing "boodskap van ...". Hierdie kernkonkordansie gaan met sommige begrippe nog verder as 'n alfabetiese rangskikking, want by sommige begrippe is daar naas die alfabetiese ook 'n tematiese groepering van woorde of begrippe. Byvoorbeeld: daar word onderskei tussen tekste wat betrekking het op "aanbid van afgode" of "aanbid van God".

- **Plekname**

Die plekname bied eweneens besondere gegewens en fyn onderskeidings word aangetref. Byvoorbeeld: by die pleknaam Griekeland word verwys, enersyds na die Ou-Testamentiese verwysings in Genesis 10:4 e.a. en word hierdie verwysing beskryf as "die Griekse nedersettings op die eilande en ooskus van die Middellandse See"; vervolgens na die verwysings in Daniël 8:21; 10:20 wat beskryf word as "Masedonië" en laastens na die verwysings in Joël 3:6; Sagaria 9:13; Handelinge 20:2 wat aangedui word as die Balkanskiereiland saam met die Griekse eilande (Agaje). Hierdie uitgebreide omskrywings is inderdaad 'n insiggewende onderskeiding wat vir die Bybelleser van waarde kan wees. Die plekname-register, wat vier en twintig bladsye beslaan, is effens weggesteek tussen die indrukwekkende woordelys en kernkonkordansie en is soms moeilik om te vind. Dalk moes dit aan die einde van band 2 net voor die kaarte geplaas gewees het.

- **Woordelys**

Oor die woordelys kan baie gunstig getuig word. Sommige woorde of begrippe word so volledig beskryf dat dit die aard van artikels het. So strek die Beeldende spreke van Jesus oor vyf bladsye, dit is tien kolomme (p. 1609-1613), met 'n nuttige lys van "belangrike sleutelwoorde" wat deur Jesus gebruik is. Die behandeling van die naam *Here* moet ook uitgesonder word. Dit strek oor tien bladsye (twintig kolomme) en beskryf altesaam tagtig benamings en beskrywings waarmee na die Here verwys word – en dan word op p. 1661 gesê: "Die lys wat volg, is nie volledig nie ...". Dit kan nouliks meer volledig. By sommige woorde word die formulering woordeliks oorgeneem uit die woordelys agterin die bestaande 1983-vertaling (bv. Annas, Astarte, Baäl). Selfs lyste wat gewoonlik nie in so 'n woordelys voorkom nie, word gevind. Byvoorbeeld: 'n historiese tabel van die 17 vertalings van die Bybel in Afrikaans sedert 1873 tot 1983 (bl. 1621). Hierdie woordelys bied op sigself interessante leesstof.

- **Moontlike aanbevelings**

Is hierdie werk volmaak? Die skrywers en samestellers sal sekerlik die eerste wees om te erken dat daar altyd opmerkings gemaak kan word oor so 'n omvangryke poging. Daar kan gevra word waarom daar in die woordelys 'n rubriek is vir "Ou Testament", maar waarom nie een vir "Nuwe Testament" nie? Op p. 1676 is wel 'n tabel oor die "Indeling van die boeke van die Nuwe Testament", alfabeties geplaas onder "Indeling". Sou dit nie beter gepas het by "Nuwe Testament" nie? En waarom is daar nie ook 'n soortgelyke tabel oor "Indeling van die boeke van die Ou Testament" nie? Daar is wel op p. 1779 'n lys van die boeke van die Ou Testament, maar wie gaan na hierdie lys soek onder die trefwoord "Volgorde"? Weer eens is daar nie so 'n "volgorde"-lys oor die Nuwe Testament nie. Hierdie inkonsekwentheid is moontlik daaraan toe te skryf dat daar vir die Ou en die Nuwe Testament verskillende medewerkers was.

Geen negatiewe opmerking moet egter afdoen aan die uitstaande kenmerke van hierdie publikasie nie. Die *Verwysingsbybel* hoort op die rak van elke predikant of belangstellende Bybelleser. Eie aan die trant van die 1983-vertaling van die Bybel, is daar moeite gedoen om in gemaklike Afrikaans 'n skat gegewens daar te stel. Die bestudering van die Bybel word met hierdie publikasie maklik en uiters interessant gemaak.

JANSON, Murray. 1998. Sewe dae sonder son. Herontdek die diepe betekenis van Jesus se lyding vir ons stukkende wêreld. Kaapstad : Lux Verbi. 117 p. Prys: R34,50. ISBN 0 86997 737 7.

Resensent: *P.W. Buys*
(Emeritus van die Skool vir Kerkwetenskappe, PU vir CHO)

Die skrywer van bogenoemde publikasie neem die leser saam op die voetspore van Christus op sy lydensgang deur die laaste week van spanning, angs en aksie – die week wat uitloop op die kruisiging en die opstanding.

Op meesterlike wyse slaag Janson daarin om die gegewens wat verspreid lê in die vier Evangelieverhale, tot 'n eenheid saam te voeg. Die boek bevat veel meer as net 'n relaas van gebeure. Op indringende wyse word die lydensfeite in hul regte Skrifverband beskou en geïnterpreteer. Daarby maak die skrywer gebruik van 'n interessante, wye verwysingsraamwerk van Bybelse, argeologiese en historiese gegewens. Soos in 'n goeie roman loop die verhaal van stap tot stap heen na die klimaks van die kruis en die opstanding.

Janson is 'n uitnemende verteller. Hy bring diepsinnige waarhede in 'n glashelder styl na die oppervlak sodat die betekenis daarvan nie anders kan nie as om die leser te tref.

Die opmerking dat Jesus op die grond geval het – *'n teken van die diepste vertwyfeling* (p. 59) en die uitdrukking dat Jesus die *God-mens* is (p.), is minder gelukkig. Die mededeling dat net die hoëpriester voorheen *agter hierdie gordyn van die tempel (kon) inloop om vir die sondes van die volk op die altaar van die heiligdom te offer* (p. 70), strook nie met die Skrifgegewens nie. Ek het ook bedenking teen die bewering: *Judas is ook nie verlore omdat God dit so gewil het ... nie* (p. 8 1). Die Skrif weet nie van 'n *Deus otiosus* ('n passiewe God) wat lydelik sit en kyk wat mense doen nie.

Ondanks die paar negatiewe opmerkings wil ek hierdie boek *baie* sterk aanbeveel, nie alleen vir individuele gelowiges nie, maar ook vir Bybelstudiegroepe. Die lees en bestudering daarvan is 'n kosbare verryking en verdieping van 'n mens se geloofslewe.

Boeke ontvang / Books received

- Joubert, Dina. 1998. **Onlogiese liefde. Op pad met my gay kind**. Pretoria : Van Schaik. R34,95. 77 p. ISBN 0627 02360 6.
- Kretzschmar, Louise & Hulley, Len. 1998. **Questions about life and morality. Christian ethics in South Africa today**. Pretoria : Van Schaik. R79,95. 270 p. ISBN 0627 02358 4.
- König, Adrio. 1998. **Vernuwing of verdwyn**. Kaapstad : Lux Verbi. R49. ISBN 0-86997-789X.
- Moolman, Petrus. 1998. **Genade deur 'n fyn sif**. Kaapstad : Lux Verbi. R18,50. 55 p. ISBN 086997 7288.
- Wright, Tom (inleiding). 1998. **Die wysheid van Jesus**. Pretoria : Van Schaik. R19,95. 48 p. ISBN 0627-02382-7.